

Saterdag 12 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 5:17-20

Fokusgedeelte: Matteus 5:17 (1953-vertaling)

Die wet in Christus vervul

Die wet van die Here is en bly deel van die dissipel van Christus se bestaan. Om salig as burger van die Here se koninkryk te lewe, en om sout en lig in die wêreld te wees, veronderstel dat die kind van die Here aan 'n bepaalde wet gehoorsaam sal wees. Dit is om hierdie rede nie vreemd dat Christus melding maak van die plek wat die Here se wet in die lewe van sy kerk moet hê nie.

Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes was by uitstek toepassers en uitleggers van die wet en die profete in die Ou Testament. Hulle kon in die fynste detail uitwerk hoe elke wet uitgelê, vertolk en toegepas moes word om gehoorsaam te wees. Die probleem is egter dat hulle verder gegaan het en bepalings en regulasies by die Here se wet gevoeg het wat op hulle eie interpretasies gegrond is. Op hierdie manier is hulle só opgeneem met die letter van die wet dat hulle nie die gees van die wet gesien het nie.

Toe Jesus, die Messias, begin optree het, was die Fariseërs baie skepties oor sy verbintenis aan die wet van die Here. Hy eet dan saam met die sondaars en staan hulle (die Fariseërs) in die openbaar teë. Daarom versprei hulle die gerug dat Jesus teen die wet is en die volk wil verlei om nie die Here se wet na te kom nie.

Christus beklemtoon egter aan die volk in die bergpredikasie dat Hy nie gekom het om die wet en die profete te ontbind nie, maar te vervul. Vervulling van die wet beteken dat ons Here Jesus die wet volkome gehoorsaam het, en dat alles wat in die Ou Testament na Hom verwys, waar is. Die vervulling van die wet hou nou vir die Here se kinders besondere implikasies in. Noudat Hy die wet sy volle betekenis laat kry het, roep Hy ons as burgers van sy koninkryk op om in sy gehoorsaamheid te wandel. Dit is dat ons daaglikse optrede sal getuig van dankbare en gehoorsame optrede tot verheerliking van ons Here se Naam.

Sing: Psalm 40-1:3

Dr. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)